

SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEPE EN DIE EERSTE EVALUERING

8.1 INLEIDING

Die onderskeie psigometriese toetse en vraelyste, wat in hierdie ondersoek gebruik is, is in die vorige hoofstuk beskryf. In hierdie hoofstuk word ten eerste 'n beskrywing gegee van die samestelling van die verskillende groepe. Daarna word aangedui hoe die toepassing van toetse geskied het en ten derde word die resultate van die eerste evaluering aangebied.

8.2 VERWYSING VAN LEERLINGE

Soos in paragraaf 6.3.2.1 aangedui, is die kinders deur die onderskeie skoolhoofde sowel as deur hulle ouers na die Pinetownse Skoolsielkundige Kliniek verwys.

Die redes vir verwysing en die persentasie word in tabel 8.1 weergegee.

Sommige kinders is vir meer as een probleem verwys. Leesprobleme is ingedeel onder spesifieke onderprestasie.

Tabel 8.1

Redes vir verwysing.

Groepe	N	Spesifieke onderprestasie ¹⁾		Algemene swak prestasie		Gedragsprobleem		Emosionele probleem		Huislike probleem		Spraaakprobleem	
			%		%		%		%		%		%
A	20	20	100	20	100	12	60	14	70	8	40	6	30
B	20	18	90	12	60	13	65	11	55	7	35	6	30
C	20	17	85	13	65	10	50	9	45	5	25	4	20
Totaal :			91,7		75		58,3		56,7		33,3		26,7

Die meeste (91,7%) van die kinders is verwys as gevolg van spesifieke onderprestasie¹⁾. 'n Groot persentasie van die kinders was deur die onderwyseresse bestempel as leerlinge met gedragsprobleme (58,3%) en emosionele probleme (56,9%).

8.3 KEUSE VAN SKOLE

Die gebied waar die drie skole geleë is, kan beskou word as 'n gebied van hoë sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond vanweë baie van die ouers se hoë finansiële inkomste en as gevolg van die beroepe wat die ouers beoefen.

1) Insluitende leesprobleme

Daar bestaan afdoende bewys dat 'n gebrek aan belangstelling in lees en aanmoediging by ouers nou verwant is aan 'n swak sosiale en ekonomiese status (Cox, 1968, p.26-28; Harris & Sipay, 1976, p.297; Ekwall, 1976, p.13-14).

Kinders is vir hierdie ondersoek verkry uit 'n goeie sosiale, kulturele en ekonomiese gebied, omdat daar moontlik verwag kan word dat dié kinders makliker sal vorder gedurende die remediërende onderrig en dat die ouers ook beter sal saamwerk. Ouers uit 'n beter ekonomiese gebied is meer geneig om hulle kinders aan te moedig om beter en meer te lees (Cox, 1968, p.27) en plaas 'n hoër premie op lees.

8.4 KEUSE VAN STANDERD

Weens die volgende redes is daar besluit om leerlinge in st. 3 en 4 vir hierdie ondersoek te neem:

- i) die moontlikheid van leesverbetering op hierdie vlak deur remediërende onderrig is nog redelik goed - tussen 42% en 46% (Schiffman, 1970, p.69-79);
- ii) op hierdie stadium behoort die fisiese ontwikkeling wat te doen het met die leeshandeling al voltooi te wees (vgl. par. 2.3; 3.2; 3.3.1 & 3.3.2); en
- iii) kinders het op hierdie ouderdom oor die algemeen 'n redelik goeie belangstelling in lees ontwikkel.

8.5 KEUSE VAN TAALGROEP

Dit is besluit om Engelssprekende kinders wat Engeltalige skole besoek vir hierdie ondersoek te gebruik, veral omdat daar 'n groter keuse van bruikbare toetse in Engels bestaan wat gebruik kan word. Dit geld veral vir leestoetse en vraelyste.

'n Verdere rede waarom Engelssprekende leerlinge vir hierdie ondersoek gebruik is, is om geografiese redes. As gevolg van die feit dat daar meer Engelse skole in Durban is, was dit moontlik om al die kinders uit een gebied met min of meer dieselfde kultureel-ekonomiese agtergrond te trek.

8.6 TOEPASSING VAN DIE TOETSE

Die toetse is toegepas soos beskryf in paragrawe 6.3.2.3, 6.3.2.4 en 7.2 tot 7.7 en het oor ongeveer 'n hele kwartaal verloop. Al die toetse wat toegepas is, is individuele toetse, behalwe die Persoonlikheidsvraelys vir Kinders (PVK) wat in groepsverband toegepas is.

In die volgende paragraaf word al die resultate van die drie evaluerings weergegee en geïnterpreteer.

8.7 DIE EERSTE EVALUERING

8.7.1 Inleiding

Die eerste evaluering het plaasgevind voordat die terapeutiese onderhoude en remediërende onderrig 'n aanvang geneem het. Al die resultate is slegs van die finale groepe.

Die doel van die eerste evaluering (vgl. 6.3.2.4) was om 'n opvoedkundige diagnose van die leesvertraagde kinders te maak en om hierdie resultate te vergelyk met die van die tweede en derde evaluering.

Die volgorde waarin die resultate hier aangebied word, impliseer nie noodwendig die volgorde waarin die toetse afgeneem is nie.

8.7.2 Kognitiewe ontwikkeling

Die resultate van die NSAG is slegs gebruik vir die voorlopige evaluering, alhoewel dit ook hier weergegee word en vergelyk word met die resultate van die NSAIS. Die intelligensiekwosiënt soos deur die NSAIS bepaal, sal gebruik word as die alleengeldige IK vir hierdie ondersoek, hetsy dit hoër of laer is as die resultate van die NSAG.

Die resultate van die intellektuele vermoëns van die leesvertraagde kinders word in tabel 8.2 weergegee waar slegs die gemiddelde totale tellings vergelyk word met ander statistiese data:

Tabel 8.2

Gemiddelde totaal tellings van die NSAG en die NSAIS en ander statistiese gegewens

	GROEP A	GROEP B	GROEP C
NSAG : gemiddeld	109,4	109,1	114,9
NSAIS : gemiddeld	115,6	115,15	117,1
Standaardmetingsfout	0,8926601	0,9069178	0,9997368
Standaardafwyking	3,992097	4,055860	4,470959
Variansie	15,93684	16,45	19,98947
Kurtose	-0,7748242	0,407606	-0,6302232
Skeefheid	0,5652157	0,628979	-0,19713454
Afstand (Range)	13,0	16	16
Minimum	110,0	109	109
Maksimum	123,0	125	125

Hiervolgens blyk dit dat die totale IK-telling van die groeptoets ongeveer ses IK-punte laer is as die van die Individuele Toets by groepe

A en B. By groep C is die verskil 2,2 IK-punte. Subtoetstellings, verbale, nie-verbale en totaal-tellings, persentielrange en staneges word van elke groep in tabelle 8.3, 8.4 en 8.5 gegee. Statistiese gegewens van die veranderlike IK van die drie groepe word in tabelle 8.3, 8.4 en 8.5 gegee.

Tabel 8.3

Groep A IK-verspreiding

Subtoetse										V	NV	Tot.	Pers	St.
1	2	3	4	5	6	7	8	9						
9	14	8	15	12	16	10	16	17	109	132	121	91,9	8	
14	14	9	11	15	12	17	15	12	116	126	123	93,7	8	
9	9	10	15	10	13	13	14	14	102	123	112	78,8	7	
14	14	10	14	14	11	10	11	10	120	101	113	80,8	7	
13	13	12	10	14	10	13	12	13	114	112	115	84,1	7	
10	13	10	10	12	15	12	12	14	104	119	112	78,8	7	
16	10	15	11	11	9	12	11	16	116	111	116	85,8	7	
14	10	12	13	14	12	12	15	13	116	119	119	89,8	7	
7	12	9	7	14	16	16	10	17	96	132	113	80,8	7	
14	13	14	14	13	12	12	14	14	109	119	115	84,1	7	
15	12	11	17	14	9	12	9	16	124	108	119	89,8	7	
7	15	10	12	9	16	13	14	9	102	119	110	74,9	6	
13	13	9	7	15	11	11	12	15	107	114	111	76,7	6	
14	17	15	13	13	13	11	15	8	128	110	123	93,7	8	
12	13	12	11	14	14	12	14	12	114	123	120	85,8	7	
13	10	14	11	13	9	10	14	15	113	112	114	82,4	7	
11	11	10	15	16	16	11	12	9	116	111	116	85,8	7	
12	9	11	9	9	15	16	12	14	97	128	112	78,8	7	
8	12	11	13	9	12	14	12	16	102	123	112	84,1	7	
13	8	14	10	11	15	13	10	17	106	125	116	85,8	7	
11,9	12,1	11,3	11,9	12,6	12,8	12,5	12,7	13,6	110,6	118,4	115,6	84,3	7,1	

By groep A is daar geen subtoetsstrooiing¹⁾ aanwesig nie, aangesien die hoogste en laagste subtoetstellings slegs met 2,3 skaalpunten verskil.

1) Indien die skaalpunten met drie verskil, kan daar met sekerheid van subtoetsstrooiing gepraat word.

Tabel 8.4

Groep B : IK-verspreiding

Subtoetse										V	NV	Tot	Pers.	St.
1	2	3	4	5	6	7	8	9						
10	13	10	14	12	13	10	14	15	110	119	116	85,8	7	
13	14	11	12	15	12	10	15	11	118	112	117	87,1	7	
9	12	13	9	11	15	13	10	13	103	117	110	74,9	6	
14	9	15	15	14	14	16	11	14	121	125	125	95,3	8	
11	13	9	14	14	9	12	10	16	113	110	113	80,8	7	
13	12	8	14	13	10	13	14	10	111	110	112	78,8	7	
13	12	13	10	12	9	14	9	11	111	103	109	72,6	6	
13	13	8	14	13	14	13	11	16	113	123	119	89,8	7	
8	11	7	10	13	13	15	10	16	96	123	109	72,6	6	
12	15	14	17	11	12	16	9	9	124	108	119	89,8	7	
14	15	10	13	15	12	14	11	16	121	117	122	92,9	8	
7	14	14	9	11	11	14	13	16	104	123	114	82,4	7	
14	11	8	11	12	14	15	13	13	104	125	115	84,1	7	
8	11	9	12	14	11	16	13	17	103	128	116	85,8	7	
12	12	12	11	16	11	12	11	11	116	107	113	80,8	7	
14	8	13	13	12	14	10	12	16	111	119	117	87,1	7	
13	13	8	8	10	14	16	15	12	100	128	114	82,4	7	
15	14	16	12	15	9	8	9	13	128	96	116	85,8	7	
13	14	10	13	11	10	14	15	10	113	112	114	82,4	7	
9	12	7	14	10	16	16	17	10	96	132	113	80,8	7	
11,8	12,4	10,8	12,3	12,8	12,2	13,4	12,1	13,3	110,8	116,9	115,2	83,6	7	

Aangesien die subtoetstellings van die hoogste en laagste subtoetstellings slegs met 2,6 skaalpunten verskil, kan by groep B ook nie van subtoetsstrooiing gepraat word nie.

Tabel B.5

Groep C : IK-verspreiding

Subtoetse									V	NV	Tot.	Pers.	St.
1	2	3	4	5	6	7	8	9					
14	13	12	9	9	10	12	9	15	110	108	110	74,9	6
13	11	15	14	15	15	10	16	13	123	123	125	95,3	8
12	14	12	11	13	12	16	15	16	114	132	124	94,5	8
9	13	8	14	12	14	11	13	12	106	116	111	76,7	6
8	13	13	13	14	13	14	16	11	113	123	119	89,8	7
12	15	17	11	14	12	9	11	16	124	112	121	91,9	8
10	13	11	14	13	10	9	15	14	113	112	114	82,4	7
11	16	12	12	12	12	11	11	11	116	107	113	80,8	7
8	13	14	12	13	10	14	16	12	111	119	117	87,1	7
11	12	15	14	17	9	9	16	12	124	108	119	89,8	7
8	14	9	12	15	17	12	12	15	126	123	121	78,8	7
13	14	8	12	13	10	14	16	12	111	119	117	87,1	7
12	13	8	13	14	13	10	14	10	111	110	112	78,8	7
7	12	8	13	8	14	16	9	16	95	125	109	72,6	6
14	9	8	12	15	10	16	17	16	109	132	121	91,9	8
14	12	13	9	11	13	13	13	16	110	125	118	88,5	7
12	9	14	13	14	14	13	11	14	114	119	118	88,5	7
11	9	8	14	12	11	13	17	16	103	128	116	85,8	7
14	13	14	11	12	13	15	12	12	117	119	120	90,8	8
14	8	13	12	13	10	14	12	16	111	119	117	87,1	7
11,4	12,3	11,6	12,3	13,0	12,1	12,6	13,6	13,8	113,1	119	117,1	85,7	7,1

By groep C verskil die hoogste en laagste subtoetstelling 2,4 en daar is ook geen subtoetsstrooiing nie.

By die drie groepe (A,B & C) toon groep A die minste strooing met 2,3 skaalpunten verskil tussen die hoogste en laagste subtoetstelling, terwyl groep B die grootste verskil (2,6) toon. Wat die subtoetsverspreiding betref, kan daar geen definitiewe afleiding gemaak word dat die kinders leesvertraagd is nie.

Die laagste verbale subtoetse is:

Groep A : Woordeskat en Probleme (beide 11,9)

Groep B : Verbale redenering (10,8)

Groep C : Woordeskat (11,4)

Die laagste nie-verbale subtoetse is :

Groep A : Blokkies (12,5)

Groep B : Absurditeite (12,1)

Groep C : Patroonvoltooiing (12,1)

Aangesien die laagste subtoetstellings by beide die verbale en nie-verbale skaal so min verskil van die ander subtoetstellings, kan daar nie 'n spesifieke afleiding gemaak word nie.

Die verbale totaalstelling is by al drie groepe laer (groep A 7,8; groep B 6,1 en groep C 6,1 IK-punte) as die nie-verbale totaalstelling.

Volgens hierdie ondersoek het die NSAIS geen positiewe bydrae tot die diagnose van die leesvertraagde leerlinge gelewer nie, behalwe die feit dat die verbale tellings by al drie groepe laer is as die nie-verbale tellings.

8.7.3 Bepaling van die leesouderdom (LO)

Die leesouderdom van die leerlinge is verkry deur

die toepassing van die "Burt word reading test" soos in paragraaf 7.3 beskryf. Hierdie toetse is afgeneem deur gekwalifiseerde en ervare remediërende onderwyseresse.

Die leesouderdomme van Burt is gebaseer op die chronologiese ouderdom van 'n leerling en is uitgedruk in jare en twaalfdes van 'n jaar. Vir die doel van hierdie ondersoek is die LO egter verwerk na tiendes, tensy anders vermeld. In tabel 8.6 word die leesouderdomme (LO) van die onderskeie groepe aangebied, tesame met die leesvertraging van elke kind. Die leesvertraging (LV) is verkry deur die leesouderdom (LO) van die chronologiese ouderdom (CO) af te trek. Die gemiddelde LO en LV is deur die rekenkundige gemiddelde verkry. Hier moet in gedagte gehou word dat 'n LO van byvoorbeeld 9,6 beteken dat die leerling se leesouderdom gelykstaande is aan dié van die gemiddelde kind van nege jaar en sewe maande.

Tabel 8.6

Leesouderdomme en leesvertraging by die aanvang van die ondersoek

				Groepe							
A				B				C			
IK	CO	LO	LV	IK	CO	LO	LV	IK	CO	LO	LV
121	10,3	8,3	2,0	116	10,6	8,6	2,0	110	10,5	8,4	2,1
123	10,9	8,6	2,3	117	10,5	8,5	2,0	125	10,9	8,7	2,2
112	10,8	8,7	2,1	110	11,0	8,9	2,3	124	10,3	8,2	2,1
113	11,1	8,8	2,5	125	10,9	8,3	2,6	111	10,9	8,9	2,0
115	10,9	8,8	2,1	113	10,7	8,1	2,6	119	10,8	8,4	2,4
112	10,8	8,4	2,4	112	10,9	8,8	2,1	121	10,5	8,5	2,0
116	10,6	8,5	2,1	109	10,6	8,3	2,3	114	10,6	8,4	2,2
119	11,4	8,8	2,8	119	10,7	8,7	2,0	113	10,9	8,7	2,2
113	10,9	8,8	2,1	109	11,4	9,3	2,1	117	10,6	8,5	2,1
115	10,8	8,7	2,1	119	11,4	9,1	2,3	119	11,7	9,1	2,6
119	11,6	9,2	2,4	122	11,3	9,3	2,0	121	11,9	9,6	2,3
110	11,9	9,9	2,0	114	11,6	9,1	2,5	117	11,9	9,8	2,1
111	11,3	9,0	2,3	115	11,7	9,6	2,1	112	11,4	9,3	2,1
123	11,4	9,1	2,3	116	11,6	9,6	2,0	109	11,5	9,3	2,2
120	11,8	9,4	2,4	113	12,1	9,9	2,4	121	12,1	10,02	1
114	11,6	9,5	2,1	117	11,4	9,4	2,0	118	11,9	9,6	2,3
116	11,8	9,6	2,2	114	11,9	9,7	2,2	118	11,7	9,0	2,7
112	11,4	9,3	2,1	116	11,3	9,1	2,2	116	11,9	9,7	2,2
112	11,6	9,3	2,3	114	11,9	9,2	2,7	120	11,4	9,3	2,1
116	12,0	9,4	2,8	113	11,8	9,7	2,1	117	11,6	9,6	2,0
115,6	11,2	8,11	2,3	115,2	11,2	9,0	2,2	117,1	11,3	9,0	2,3

Volgens die ondersoek na die vlak waarop die leerlinge se leesvermoë funksioneer, het dit duidelik geblyk dat al die

kinders wat by hierdie ondersoek betrek is, twee jaar of meer leesvertraagd is.

8.7.4 Die verwagte leesouderdom (L. verw.0)

Die L verw. 0 is 'n eenvoudige formule wat voorkeur gee aan die belangrikheid van intelligensie "...but also recognizes the presence of other age-related characteristics in reading expectancy, involves giving mental age twice the weight of chronological age." (Harris & Sipay, 1976, p.152)

Die formule om die verwagte leesouderdom te bereken, kan soos volg geskryf word :

$$L \text{ verw. } 0 = \frac{2 \text{ VO} + \text{CO}}{3}$$

waar VO die verstandsouderdom is en

CO die chronologiese ouderdom (vgl. par.

6.3.5.5).

Verstandsouderdom (VO) word volgens die volgende formule bereken:

$$\text{VO} = \frac{\text{CO} \times \text{IK}}{100}$$

Indien van hierdie formule gebruik gemaak word, behoort VO en CO in jare en tiendes van jare uitgedruk te word. Die L verw. 0 word dan ook in jare en tiendes van jare verkry.

Die verwagte leesouderdom van die drie groepe word in tabel 8.7 aangebied waar dit vergelyk word met die chronologiese en leesouderdom.

Tabel 8.7Die verwagte leesouderdom (L verw. 0)

Groep A			Groep B			Groep C		
CO	LO	L verw.0	CO	LO	L verw.0	CO	LO	L verw. 0
11,2	8,9	12,3	11,2	9,0	12,3	11,3	9,0	12,53

Volgens die leerlinge se intellektuele vermoë kan verwag word dat groep A op 'n vlak van 12,3 jaar, groep B op 'n vlak van 12,3 jaar en groep C op 'n vlak van 12,53 jaar behoort te lees. Volgens die L verw. 0 behoort groep A 1,10, groep B 1,10 en groep C 1,23 jaar bokant hulle chronologiese ouderdomme te lees (vgl. tabel 8.8).

Volgens hierdie berekening word daar gevind dat groep A op 'n vlak van 3,4 jaar, groep B 3,3 jaar en groep C 3,53 jaar laer lees as wat van hulle volgens hulle intellektuele ouderdom verwag kan word. Al drie groepe kan, volgens die ontleding van hierdie formule, as leesvertraagd beskou word (vgl. tabel 8.8).

Tabel 8.8

Vlak wat leerlinge bokant hul CO behoort te lees teenoor die vlak wat die leerlinge laer as hul L verw.0 lees

Groep	CO	LO	L verw.0	Vlak waarop leerlinge bokant hulle CO behoort te lees	Leerlinge se werklike leesvermoëvlak benede hulle L verw.0
A	11,2	8,9	12,3	1,10	3,4
B	11,2	9,0	12,3	1,10	3,3
C	11,3	9,0	12,53	1,23	3,53

8.7.5 Die verwagte leesouderdomskwosiënt (L verw.K)

Die verwagte leesouderdomskwosiënt (L verw.K) is 'n kwosiënt wat bepaal hoedanig 'n kind se huidige algemene vlak van leesvermoë vergelyk met sy verwagte leesvlak. (Harris & Sipay, 1976, p.152). Die verwagte leesouderdomskwosiënt kan deur middel van die volgende formule bereken word:

$$L \text{ verw.K} = \frac{LO \times 100}{L \text{ verw.O}} \quad (\text{vgl. par. 6.3.5.6})$$

Die verskil tussen leesprestasie en leesverwagting word, volgens Maginnis (1972, p. 750-753) as normaal beskou wanneer die L verw.K tussen 90 en 110 val. 'n L verw.K van onder 90 toon 'n huidige onvermoë aan om op die verwagtingsvlak te lees en is 'n aanwysing dat daar 'n leesafwyking of onderprestasie in lees teenwoordig is. Oor die algemeen is 'n L verw.K van 85 tot 89 'n aanduiding van die teenwoordigheid van 'n leesprobleem en 'n L verw.K van onder 85 toon aan dat hierdie probleem ernstig is (Harris & Sipay, 1972, p.153; Maginnis, 1972, p.752). Indien 'n kind se leesvermoë nie verbeter nie, sal sy L verw. K algaande afneem.

Die L verw.K van die drie groepe word in tabel 8.9 aangebied.

Tabel 8.9

Die verwagte leesouderdomskwosiënt (L verw.K)

Groep A	Groep B	Groep C
L verw.K	L verw. K	L verw.K
$L \text{ verw.K} = \frac{L0 \times 100}{L \text{ verw.O}}$	$L \text{ verw.K} = \frac{L0 \times 100}{L \text{ verw.O}}$	$L \text{ verw.K} = \frac{L0 \times 100}{L \text{ verw.O}}$
$= \frac{8,9 \times 100}{12,3}$	$= \frac{9,0 \times 100}{12,3}$	$= \frac{9,0 \times 100}{12,53}$
$= 72,36$	$= 73,17$	$= 71,83$

Die verwagte leesouderdomskwosiënt van al drie groepe toon dat die kinders ernstige leesprobleme het, aangesien die L verw.K onder 90 is.

8.7.6 Berekening van die leeskwosiënt (LK)

Dit is nodig om so 'n akkuraat moontlike onderskeiding te maak tussen (vgl. par. 6.3.5.8)

- i) vertraagde lesers wat dit onmoontlik vind om akademies op hulle standerdvlak te presteer as gevolg van hulle swak leesvermoë;
- ii) onderpresteerders wie se leesvermoë voldoende is vir hulle standerdeise, maar wat swakker presteer as wat van hulle verwag kan word; en
- iii) stadige lesers wie se leesvermoë laer is as hulle ouderdomsvlak.

Hierdie onderskeiding kan gedoen word deur gebruikmaking van die leeskwosiënt wat soos volg bereken kan word (Harris & Sipay, 1976, p.153;.

Westwood, 1975, p.13 & par. 6.3.5.7) :

$$\text{Leeskwoisient (LK)} = \frac{LO \times 100}{CO}$$

Hiervolgens is die gemiddelde normale LK 100.

Wanneer 'n kind se L verw.K en LK albei onder 90 is, lees hy op 'n vlak laer as wat van hom verwag kan word en as die normale prestasie van sy ouderdomsgroep.

Die leeskwoisiente van die onderskeie groepe word in tabel 8.10 aangebied.

Tabel 8.10

Die leeskwoisiente van die onderskeie groepe

Groep A	Groep B	Groep C
LK	LK	LK
$LK = \frac{LO \times 100}{CO}$ $= \frac{8,9 \times 100}{11,2}$ $= 79,46$	$LK = \frac{LO \times 100}{CO}$ $= \frac{9,0 \times 100}{11,2}$ $= 80,36$	$LK = \frac{LO \times 100}{CO}$ $= \frac{9,0 \times 100}{11,35}$ $= 79,30(\text{benader})$

8.7.7 Samevattende beeld van die drie groepe se leesvermoë

Die objektiewe definisies van leesvermoë en leesonbekwaamheid wat gebaseer is op die leerling se L verw. K en LK word in tabel 8.11 opgesom.

Tabel 8.11

Opsomming van objektiewe definisies van leesvermoë en leesbekwaamheid (Harris & Sipay, 1976, p.157)

Klassifikasie	L verw.K ^{a)}	LK ^{b)}
Normale leser	90 of hoër	90 of hoër
Leesvertraag	onder 90	onder 90
Onderprestasie in lees	onder 90	90 of hoër
Stadige leerling in lees	90 of hoër	onder 90

Indien die onderskeie koëffisiënte bereken is, kan 'n leerling in een van bg. vier leesgroepe geklassifiseer word.

'n Vergelyking van die groepe se leesvermoë word in tabel 8.12 aangebied.

Tabel 8.12

Vergelyking van die groepe se leesvermoë

Groep	IK	CO	LO	L verw.O	Lverw.K	LK
A	115,6	11,2	8,90	12,3	72,36	79,46
B	115,2	11,2	9,0	12,3	73,17	80,36
C	117,1	11,3	9,0	12,53	71,83	79,3

a) Druk uit hoedanig 'n leerling se huidige algemene vlak van leesvermoë met sy verwagte leesvlak vergelyk (Harris & Sipay, 1976, p.157; par. 6.3.5.8)

b) Druk uit hoedanig 'n leerling se huidige vlak van leesvermoë vergelyk met die van ander leerlinge van dieselfde chronologiese ouderdom (Harris & Sipay, 1976, p.157; par. 6.3.5.8).

Volgens 'n ontleding van die groepe se leesprestasie, soos uiteengesit in tabel 8.12, kan al drie groepe geklassifiseer word as leesvertraagd (kyk tabel 8.11) omdat al drie groepe se L verw.K en LK onder 90 val.

8.7.8 Ontleding van persoonlikheidstoetse en projektiewe tegnieke

8.7.8.1 Inleiding

In hierdie paragraaf word die resultate van die CPQ, die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" en die "Draw-a-family" projektiewe tegniek aangebied.

Die ontleding van die intelligensie- en verskillende leestoetse verskaf waardevolle gegewens, maar daar kan nie met hierdie toetse alleen volstaan word in die diagnosering van die leesvertraagde leerling nie, omdat hierdie toetse

"...could not measure all intellectual factors that influence performance, such as creativity and the various aspects of personality and motivation that can make a child a good learner, despite an IQ score that may not look over-impressive!" (Blisshen, 1969, p.518)

Deur die toepassing en ontleding van hierdie toetse sal daar gepoog word om meer lig op oorsake van die drie groepe se leesvertraging te werp.

8.7.8.2 Die ontleding van die "Children's Personality Questionnaire" (CPQ)

8.7.8.2.1 Inleiding


Die CPQ is 'n persoonlikheidsvraelys vir standerds 3 -5/6 wat uit twee aparte toetsboekies, Vorm A en Vorm B, bestaan en wat 14 afsonderlike persoonlikheidsdimensies "meet" (vgl. par. 6.3.5.9 & 7.4.2). Vir hierdie ondersoek is die resultate van vraelyste A en B gesamentlik bereken. Die resultate van vorms A1, A2, B1 en B2 is bymekaar getel en die stientellings van die tabelle in die handleiding afgelees.

8.7.8.2.2 Ontleding van die resultate

- a) Elkeen van die 14 persoonlikheidsfaktore word as 'n bi-polêre kontinuum voorgestel (vgl. par. 7.4.2.4) met twee uiterste pole van hoë stientellings (8, 9 & 10) en lae stientellings (1, 2 & 3). Gemiddelde tellings word toegeken aan die groep wat stiene van 4,5,6 of 7 behaal het. Die gemiddelde telling van die stienskaal is 5,5. Die uiterste stienwaardes (+ of -) is verteenwoordigend van 'n persoon in die onderste of boonste tien tot vyftien persent van die bevolking ten opsigte van die betrokke eienskap. Die resultate van die drie groepe word in tabel 8.13 grafies aangebied.

Tabel 8.13

CPQ-profiel van die drie groepe



Die resultate van die drie groepe sal gesamentlik bespreek word.

- b) Groepe A en B het beide definitiewe positiewe resultate by faktor A (teruggetrokke teenoor na-buite-lewend) getoon, terwyl groep C 'n hoë telling van 7 behaal het. Hierdie groepe leesver-

traagde kinders kan beskou word as si-
klotimies of affektotimies met ander
woorde, warmhartig, na-buite-lewend en
sorgeloos (Maas, 1975, p.47). Maas
bevind dat hierdie faktor die belang-
rikste van die 14 faktore is en gene-
ties bepaal word. Die +A persoon se
gemoedstemming is aan meer fluktuasie
onderhewig. Vermoedelik bevorder die
wyer omvang van responsieveranderlik-
heid van die +A persoon onbeteuelde of
onbelemmerde assosiasies en sodoende
kan stemminge of buie ontstaan wat
wissel tussen opgewektheid en terneer-
gedruktheid (Madge & Du Toit, 1975,
p.8). Die -A persoon is geneig om
akademies beter te presteer as die
+A persoon. Die ondersoekgroepe is
dan ook geneig om akademies swak te
presteer (vgl. par. 8.7.13).

- c) By faktor B (minder intelligent teenoor
meer intelligent) het al drie groepe
tellings van -2 en -3 stientellings be-
haal. Die -B persoon wys op 'n lae
verstandelike vermoë en so 'n persoon
is nie in staat om abstrakte probleme
te hanteer nie (Maas, 1975, p.8).
Volgens die NSAIS het al drie groepe
'n bo-gemiddelde intelligensievermoë
(vgl. tabel 8.2). Die +B persoon toon

meer energie en groter sukses in eksamens en leersituasies. Die -B persoon, soos groepe A, B en C, toon swak eksamenresultate. Die onderzoekgroepe kan dus vermoedelik nie ten volle gebruik maak van hulle hoë intellektuele vermoëns nie.

- d) Al drie groepe behaal 'n lae C-telling (egoswakheid teenoor egosterkte) en hulle toon dus 'n egoswakheid. Madge en Du Toit (1975, p.10) ken die volgende faktorpatrone toe aan die kinders met lae C-tellings: raak emosioneel wanneer frustrasies opduik, veranderlik met betrekking tot houdings en belangstellings; word maklik verwar; ontduik verantwoordelikheid en is geneig om tou op te gooi; geneig om vol kwellings te wees; raak betrokke in rusies en probleemsituasies; openbaar sterk innerlike emosionele uitdrukking; raak maklik ontsteld; besit 'n gevoelige verbeelding; ervaar neurotiese uitputting; geneig om emosies te vertoon (veral van angs, aanmatiging en sosialiteit); is ongeduldig, negativisties, vol woede; smag na bewondering en is aanstootlik in manifestasies van selfagting; val ander aan; soek simpatie; toon 'n gevoel van minderwaardigheid; vind dit moeilik om eie kragte in te span en is

'n afhanklike persoonlikheid. Madge en Du Toit (1975, p.11) vind verder dat die kind met 'n lae C-telling geneig is tot stokkiesdraaiery, jeugmisdadigheid, dat hulle oorbeskermend is, nie in groepwerk kan slaag nie en dat daar abnormaliteite by die ouers voorkom. Hierdie kinders is geneig om die emosionaliteit te manifesteer in koppigheid, aanmatiging en selfvertoning, verwerping of ignorering van volwassenes se voorstelle.

Agtergrondverwantskappe wat by die -C kind aangetref word, is: konflikte kan by die ouers aangetref word; daar is egskeiding of verwydering by die ouers; die moeder is meestal die gesinsleier; psigosomatiese klagtes by die kind; onenigheid tussen die kinders onderling, en die moeder is emosioneel.

Volgens Madge & Du Toit (1975, p.12) dui 'n lae telling

"... 'n onvermoë aan om emosionele impulse realisties te hanteer en 'n geneigdheid om daardeur oorweldig te word en neuroties of self psigoties te reageer. So 'n persoon is vervul met 'n gevoel van onvoldoendheid wat alle aspekte van sy lewe deurdring en daar is 'n totale onvermoë om die lewe die hoof te bied."

Dit lyk asof die essensie van -C 'n onvermoë is om emosies en impulse te beheer.

- e) Groepe A en C het beide hoë positiewe tellings by faktor D (flegmaties teenoor prikkelbaar) behaal, terwyl groep C met 'n stientelling van 7 sterk neig na 'n positiewe telling. Die volgende faktore kom by die +D kind voor: veeleisend en ongeduldig; aandagtrekkerig en aanstellerig; prikkelbaar en ooraktief (vgl. par. 8.7.8.3); geneig tot jaloesie; aanmatigend en egotisties; raak maklik verstrooid; toon baie simptome van senuagtigheid; negativisties; stug; roekeloos; raserig; ooraggressiewe bravado; minderwaardigheid en kompensasie; voortvarend; onkonvensioneel; vindingryk en enureties (Madge & Du Toit, 1975, p.13-14; Handleiding, 1972, p.4-5). Die swak beheersing van die +D kind tree na vore as 'n onmiddellike opgewondenheid en motoriese rusteloosheid (vgl. par. 8.7.8.3) wat ook na die kognitiewe aspekte van gedrag versprei.

Madge & Du Toit (1975, p.14) vind die volgende agtergrondsverwantskappe: vader in hoër inkomstegroep (vgl. par. 8.3); aandagsoekerig; emosioneel;

on gehoorsaam wat die moeder betref (vgl. par. 8.7.8.3); vind dit moeilik om by beperkings aan te pas en dit skyn asof daar 'n verband bestaan met verwendheid en gebrek aan dissipline, gedurende die vroeë kinderjare.

Faktor +D het 'n neurologiese grondslag, maar is ook die gevolg van verwendheid-verwerping aan die kant van die ouers. Dit wys dan na 'n gevoel van onveiligheid as gevolg van die ontbering van liefde en ondersteuning waaraan die kind gewoond was, dat daar in die gesin oorstimulering was en dat daar 'n gebrek aan dissipline voorgekom het (Madge & Du Toit, 1975, p.15).

- f) Groepe A en B toon 'n hoë positiewe E (onderdanig teenoor dominant) telling (+8) terwyl groep C 'n stientelling van 7 behaal het en dus sterk na 'n positiewe telling neig. Die positiewe telling van E toon 'n dominansie-faktor. Volgens Madge & Du Toit (1975, p.16; vgl. Handleiding, 1972, p.5) kan kinders met 'n +E faktor van die volgende persoonlikheidstrekke toon: aanmatigend, selfversekerd; selfstandig; stug; vyandiggesind; plegtig; onkonvensioneel; opstandig; eiewys; eis bewondering;

soek die oorhand; soek lof; individua-
listies; veral geneig tot emosies van
aanmatiging; woede; nuuskierigheid;
sarkasties betreffende reëls en regu-
lasies; somber; ongelukkig; nie self-
bewus nie; bakleierig; vernielsugtig;
hooghartig; inhalig; geslepe; aggres-
sief; toon inisiatief; beslis; wysmake-
rig; steek graag die draak; selfgenoeg-
saam maar wil graag in 'n groep wees;
avontuurlustig en onwrikbaar. Kinders
met hoë tellings benader 'n probleem
krities sonder inagneming van konven-
sionele en tradisionele benaderings;
het swakker eksamenresultate in verge-
lyking met ander met dieselfde IK
(vgl. par. 8.7.13); hulle vertoon 'n
vermoë om ander te dissiplineer; onge-
hoorsaamheid, koppigheid en moontlik
anti-sosiale gedrag. Hierdie kinders
maak gewoonlik gebruik van projeksie
om onaanvaarde drange te ontvlug en
is nie geneig om verdriet of vrees te
toon nie. Alhoewel daar by faktor
+E 'n erflikheidskomponent aanwesig
is, kan die faktor deur die omgewing
beïnvloed word. Aanpassingsmoontlik-
heid word in 'n groot mate beperk deur
die aangebore geaardheid.

Die leerling wat 'n hoë E telling be-

haal, is oor die algemeen nie lief vir die vader nie. Alhoewel daar 'n kame-raadskaplike verhouding met die moeder bestaan, bewonder hierdie tipe kind nie die moeder nie. Op skool kan hy in die moeilikheid beland as gevolg van deelname aan bende-aktiwiteite.

- g) Die tellings van die drie groepe wissel tussen 6 en 7 by faktor F (sober teenoor onbesorg). Omdat daar nie definitief onderskei kan word tussen soberheid en sorgvryheid nie, wat deur hierdie faktor gemeet word, kan daar nie 'n besliste ontleding van faktor F gemaak word nie. Dieselfde tendens word by faktore G, H en I gevind.
- h) By faktor J (lewenskragtig teenoor weifelagtig) het die drie groepe hoë positiewe stientellings van tussen +8 en +9 behaal. Madge en Du Toit (1975, p.32-33) vind die volgende faktorpatroon by hierdie kinders: handel individualisties; versigtig en behep met die self; kieskeurig en dwarstrekkerig; neurostenies uitgeput; ongevoelig; raak maklik ontstel; nederig; teruggetrokke; lomp; kalm; netjies; pessimisties; terneergedruk; onderdanig en verstrooid.

Van die belangrikste agtergronds- en

biografiese verwantskappe by die +J kinders is dat die moeder nie behulpzaam is nie en dat die kind eiesinnig en ongehoorsaam teenoor die moeder is; hy is ongehoorsaam teenoor die vader; die moeder se houding is emosioneel; die vader het die kind gewantrou en die moeder toon tekens van senuagtigheid.

Die beste verklarende hipotese (Madge & Du Toit, 1975, p.34-35) van 'n hoë telling by faktor J is dat dit moontlik ontstaan as gevolg van verwerping deur die ouers, in besonder die vader, gedurende die vroegste lewensjare. Hierdie konflik

"...kon tussen 2- en 6-jarige ouderdom voorgekom het (wat die periode insluit waarin toiletbeheer aangeleer word), aangesien bewyse aangevoer word dat hierdie patroon ooreenkom met dié van die anale persoonlikheidstipe soos dit in kliniese gewens aangetref word."

Dit kan as gevolg van 'n hoër kulturele status in die huis wees wat die tempo en druk van die opvoedingsproses verhoog.

- i) By faktore N en O (naïef teenoor skerp-sinnig en kalm teenoor bevreesd) het die drie groepe stientellings behaal wat wissel tussen 4 en 6. Daarom kan daar nie 'n definitiewe faktorpatroon

bepaal word nie.

- j) Al drie groepe het negatiewe tellings by faktor Q3 (swak self-sentiment teenoor sterk self-sentiment) behaal, wat aantoon dat hulle gebrekkige self-sentiment besit. So 'n kind kan onbeheersd en laks wees, sy eie drange volg en sosiale reëls minag.
- k) By faktor Q4 (lae drangspanning teenoor hoë drangspanning) het al drie groepe 'n hoë positiewe stientelling behaal, wat aantoon dat hulle 'n hoë drangpeil besit. Hulle is gespanne, gefrus-treerd, oorspanne, gejaagd en prikkelbaar.

8.7.8.3 Die ontleding van die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" (HABGT)

8.7.8.3.1 Inleiding

Die HABGT is op die leesvertraagde leerlinge toegepas om hulle perseptuele vermoëns te probeer vasstel (vgl. par. 6.3.5.10.1).

Die "Adience-Abience" skaal van die HABGT is gebruik om die perseptuele "approach-avoidance" gedrag van die leesvertraagde leerlinge te meet. Wanneer 'n kind meer ontvanklik vir perseptuele stimuli is, word hy as "adient" beskou en wanneer hy minder ontvanklik vir perseptuele sti-

mulasie is, word hy as "abient" beskou (Hutt, 1969, p.130).

Volgens Hutt (1969, p.130) ontstaan die "abient"-neiging

"...during infancy (vgl. 8.7.8.2 h faktor J), as a consequence of traumatic experiences, they developed perceptually abient response tendencies as a defense against further, anticipated exposure to painful experiences. If this defense maneuvers has been developed it tends to be perpetuated and reinforced. On the other hand, the infant who has a supportive and non-traumatic series of experiences tends to develop perceptually adient responses, and becomes increasingly more able to profit from varieties of experiences."

Die opvatting van perseptuele "adience-abience" as 'n primêre rol van reagering tot die wêreld is relatief ondersteunend of dreigend. Gedurende die kleuterstadium (Hutt, 1969, p.130-131; Suinn, 1975, p. 168-169 & 206 - 207), as gevolg van traumatiese ondervinding, ontwikkel sommige kinders perseptuele abient-responsneiginge as 'n verdediging teen verdere pynlike en onplesierige ondervindinge. Wanneer hierdie verdedigingsmeganismes ontwikkel het, het dit 'n neiging om versterkend voort te duur.

Die ontleding van die resultate van die HABGT word in die volgende paragraaf aangebied.

8.7.8.3.2 Die ontleding van die hersiene

perseptuele "Adience-Abience"-skaal

Die resultate van die hersiene skaal vir perseptuele "Abience-Adience"-skaal word in tabel 8.14 aangebied en die definiëring van die onderskeie faktore word in bylae C omskryf. Die resultate van die drie groepe, soos uiteengesit in tabel 8.14 word nou bespreek.

a) Faktor 1 : Spasie 1

Spasie 1 kom in aanmerking wanneer drie of meer van die figure kleiner is as die beperkings vir òf breedte òf hoogte van enige van die nege figure en het slegs betrekking op die spasie tussen die figure, ongeag of hulle op die horisontale of vertikale vlak lê.

Al drie groepe het 'n abnormale hoeveelheid spasie tussen sommige van die figure gebruik. Hierdie faktor "...seem to be related to basic modes of personality adaptation as manifested in perceptual-motoric performance." (Hutt, 1969, p.74)

Kinders is geneig om grootte en spasie te oorskat en die neiging neem geleidelik af tot in die volwasse stadium. Die drie groepe se skattingsvermoë wat spasie betref, was

Tabel 8.14

Resultate van groepe A, B en C volgens die perseptuele "Audience-attention"-skaal

No.	Faktore	A	B	C	Werklike gewig
1	Grootte : spasie 1	-2,0	-1,8	-2,0	-2
2a	Hoogte : by 2 figure	-1,2	-1,3	-1,6	-2
2b	: by 3 of meer figure	-0,8	-0,7	-0,4	-2
3	Gebruik van die bladsy	+0,3	+0,4	+0,4	+1
4a	Organisasie : metodiese volgorde	+0,6	+0,4	+0,5	+1
4b	: ongeorganiseerd	-0,4	-0,6	-0,5	-2
5a	Eerste figuur : normale posisie	+1,3	+1,1	+1,5	+2
5b	: abnormale posisie	-0,35	-0,9	-0,25	-1
6a	Vorm & gestalt : sluitingsprobleme	+0,25	+0,4	+0,3	+1
6b	: sluitingsprobleme; erg	-1,5	-1,2	-1,4	-2
7a	Kruisingsprobleme : geen	+0,45	+0,3	+0,5	+1
7b	: erg versteurd	-1,1	-1,4	-1,0	-2
8a	Hoekigheid : vermeerdering : effens	+1,0	+1,2	+1,4	+2
8b	: vermindering : erg	-1,0	-0,8	-0,6	-2
9a	Rotasie : afwesig	+0,6	+0,5	+0,6	+2
9b	: erg	-1,4	-1,5	-1,4	-2
10a	Fragmentasie : geen	+1,2	+1,4	+1,3	+2
10b	: erg	-0,6	-0,6	-0,7	-2
11a	Vereenvoudiging : geen	+0,25	+0,7	+0,5	+1
11b	: middelmatig	-0,15	-0,1	-0,4	-1
11c	: erg	-0,6	-0,2	-0,1	-2
12a	Byvoeging & bekapping : geen	+0,45	+0,4	+0,35	+1
12b	: erg	-1,1	-1,2	-1,3	-2
Totaal		-5,8	-3,7	-4,3	
Gekorrigeerde telling ¹⁾		14,2	16,3	15,7	

1) Die gekorrigeerde telling word verkry deur 20 by die algebraïese totaal te tel om sodoende negatiewe tellings uit te skakel.

in sommige gevalle 'n onderskatting. Angesien hierdie faktor te doen het met die relatiewe skattingsreproduksie van opeenvolgende figure, meet dit eerder aanvaarding as perseptuele volwassenheid (Byrd, 1956, p.127-136). Beklemmende gebruik van spasie is verwant aan passiwiteit, terugtrekking en selfs onderdrukte vyandigheid. Abnormale gebruik van spasie is tipies van een of ander vorm van emosionele wanaanpassing en dit is 'n verwysing van die houding van die persoon teenoor sy oriëntasie van homself tot die wêreld (Hutt, 1969, p.75). Om hierdie houding van die leesvertraagde leerling vas te stel, sal ander faktore ook ondersoek moet word.

b) Faktor 2a & 2b : Verkleining in die breedte van die figuur

Hierdie faktor verwys na die verkleining van die reproduksie van die toetsstimuli. Al drie groepe toon dat hulle geneig is om die breedte van waargenome voorwerpe te verklein en toon hierdeur 'n geneigdheid tot teruggetrokke, beangste en onderdrukte gedrag van vyandigheid. Vermoedelik word hierdie onderdrukte gedrag van vyandigheid ook teen die lees-

stof gerig.

Dit is opgemerk dat beide verkleining sowel as vergroting van die figure aanwesig was en dit is "...likely that the personality is characterized by ambivalent modes of approach-avoidance behavior." (Hutt, 1969, p.76)

c) Faktor 3 : Gebruik van die bladsy

Die drie groepe het getoon dat hulle redelik goed georiënteerd is deurdat die meerderheid van die leerlinge van die hele bladsy gebruik gemaak het, want die drie groepe het onderskeidelik 'n gemiddelde telling van +0,3, +0,4 en +0,4 behaal.

d) Faktore 4a & 4b : volgorde van figure

Al drie groepe leesvertraagde kinders toon dat hulle op 'n vlak val tussen georganiseerde en die ongeorganiseerde vermoë om gebruik te maak van 'n metodiese volgorde. Dit was opmerklik dat waar volgorde-probleme voorgekom het, dit in die plasing van die figure van regs na links voorgekom het, wat moontlik 'n negativistiese of opstandige neiging in die persoonlikheid aantoon.

Die hipotese kan hier gestel word dat dit verklaar waarom letter-omkerings

by spelling voorkom en letter- of syfer plekwaardes omgeruil word.

- e) Faktor 6a & 6b : sluitingsprobleme
Sluitingsprobleme verwys na visueel-motoriese probleme en probleme om voldoende interpersoonlike verhoudings te verwerf (Hutt, 1969, p.86) en dat sodanige probleme verwys na perseptuele of perseptueel-motoriese probleme (Keogh & Becker, 1975, p.80). Volgens Keogh en Becker kan perseptueel-motoriese afwykings geassosieer word met leerprobleme.

Al drie groepe toon dat hulle sluitingsprobleme van die figure ondervind en emosioneel wanaangepas is (vgl. die CPQ).

- f) Faktor 7a & 7b : kruisingsprobleme
Kruisingsprobleme dui probleme aan in figure 6 en 7 soos dit tot uiting kom in oortekening, uitvee van kruisingslyne en 'n duidelike verdonkering van die lyne by kruisings.

Die drie groepe leesvertraagde leerlinge toon ernstige probleme om sluiting te bewerkstellig, wat 'n aanduiding kan wees van psigologiese blokkering wat gewoonlik korreleer met gedrag soos besluiteloosheid en kom-

pulsiewe twyfeling (Hutt, 1969, p. 87). Hierdie siening stem ooreen met die resultate van die CPQ (vgl. par. 8.7.8.2.2).

g) Faktor 8a & 8b : Verandering in hoekigheid

Die drie groepe toon dat hulle 'n baie sterker neiging het om die hoeke van die figure te vergroot (faktor 8a) as om hulle te verklein (faktor 8b). Die leesvertraagde groepe kan probleme ondervind in "...dealing with affective stimuli, and in turn (are related) to problems in affective control and control of impulses." (Hutt, 1969, p.89; par. 8.7.8.2.2)

h) Faktor 9a & 9b : perseptuele rotasie
Perseptuele rotasie verwys na die reproduksie van die toetsfiguur met 'n rotasie van sy hoofas.

Al drie groepe leesvertraagde leerlinge het 'n sterk rotasieafwyking geopenbaar deur die figure van die horisontale vlak na die vertikale vlak te roteer. Volgens Fabian (1951, p.129-154) is die vertikale rotasie 'n ryppwordings- of ontwikkelingsproses in jong kinders en die

volharding van hierdie neiging is 'n aanduiding van 'n vertraging in hierdie ontwikkeling of 'n regressie. Fabian vind dat hierdie vertraging verwant aan leesvertraging is.

Lachmann (1960, p.427-431) vind dat dit moontlik is dat emosionele faktore perseptuele rotasie en ander verdraaiings (vgl. par. 8.7.8.3.2. e, f & g) kan veroorsaak en dat dit regressiewe tekens van visueel-motoriese gedrag is en die gevolg kan wees van afwykings in die ontwikkeling of as gevolg van psigologiese afwykings. Volgens die ontleding van die CPQ (par. 8.7.8.2.2) besit die drie groepe leesvertraagde leerlinge wel psigologiese afwykings.

i) Faktor 11a, 11b & 11c : vereenvoudiging

Groep A was geneig om die figure te vereenvoudig, terwyl groepe B en C slegs 'n middelmatige neiging tot vereenvoudiging gehad het. Die groepe het, volgens Hutt (1969, p. 96) 'n neiging "...to reduce the expenditure of energy required in completing a task or dealing with a situation."

Hierdie neiging word bevestig deur

die kommentaar in die PSY 21 verwysingsvorm deur die hoofde en die kommentaar van die onderwysers (vgl. Bylae A).

j) Faktor 12a & 12b : Byvoeging en bekrapping ("doodling")

Al drie groepe toon neigings tot bekrapping wat moontlik 'n aanduiding van angs kan wees.

k) Totale telling

Die drie groepe het onderskeidelik gekorrigeerde tellings van 14,2 (groep A), 16,3 (groep B) en 15,7 (groep C) wat hulle aan die "abience"-kant van die "adience-abience"-skaal plaas.

Die leesvertraagde kinders het, volgens hierdie skaal, 'n algemene neiging om weerstand te bied teen die informasie van die buitewêreld af. Die basis van hierdie vermoë lê in die perseptueel-motoriese funksie en word bestempel as 'n goeie "adience-abience"-vermoë. Diegene wat hoog lê op die "adience"-punt van die skaal "...would tend to gain more from their educational-cultural-therapeutic experience than those who were high on the abience end of the scale." (Hutt, 1969, p.136)

Die leesvertraagde leerlinge, wat op die "abience"-end van die skaal val, is geneig om hulle te onttrek aan die perseptuele stimulus. Die leesvertraagde leerlinge sal 'n swak intellektuele en interpersoonlike funksionering toon (vgl. faktor B, par. 8.7.8.2.2.c).

8.7.8.4 Die ontleding van die "Draw-a-family"-teken- toets

8.7.8.4.1 Inleiding

Gesintekeninge openbaar 'n kind se houding teenoor lede van sy gesin en sy aanvaarding van 'n eie rol binne die gesinsopset. Gesinsverhoudings word uitgedruk deur die relatiewe grootte en plasing van die figure op die tekening en deur weglatings, plaasvervangers of vergrotings van die figure of van dele van die figure (Reznikoff & Reznikoff, 1958, p.167; Koppitz, 1968, p.134).

Ontledings van die Emosionele Aanwysings volgens die Koppitz-metode (Koppitz, 1968, p.35-75) is van al drie groepe leesvertraagde leerlinge se "Draw-a-family"-tekeninge gemaak. Hierdie ontledings word met dié wat aan die einde van die ondersoek gedoen is, vergelyk (vgl. par. 10.2.2).

Standaardtellings, kwaliteitskaaltellings

en persentielrange is vanaf die routellings verkry en sal vergelyk word met die resultate van die tweede evaluering.

8.7.8.4.2 Ontleding van die resultate

Objektiewe tekens op die "Draw-a-family"-tekening wat nie primêr verwant is aan ouderdom en ryping nie maar wat 'n refleksie is van 'n kind se angste, betrokkenheid en houdings, is ingesluit by die Emosionele Aanwysings. (Koppitz, 1968,p.35).

Hierdie emosionele aanwysings bestaan uit drie tipes items:

- i) items wat verwant is aan die kwaliteit van die tekening;
- ii) tekens wat bestaan uit spesial kenmerke wat gewoonlik nie by hierdie tekeninge aanwesig is nie; en
- iii) weglatings van items wat gewoonlik verwag word van kinders van 'n sekere ouderdom (Koppitz, 1968, p.35);
- iv) 'n vierde groep, wat betrekking het op weglatings van gesinslede, is deur die ondersoeker bygevoeg.

Vir die doel van hierdie ondersoek is die emosionele aanwysings van die vaderfiguur verkry. Waar die vaderfiguur weggelaat is, is die emosionele aanwysings van die moederfiguur verkry.

Die voorkoms van die emosionele aanwysings

van die drie groepe word in tabel 8.15 uiteengesit soos dit in elk van die 20 leerlinge per groep voorgekom het.

Tabel 8.15

Voorkoms van emosionele aanwysings (Koppitz, 1968, p.35-36)

Emosionele aanwysings	A	B	C
<u>Groep 1 : Kwaliteitstekens</u>			
a) gebroke of sketsmatige lyne	5	2	4
b) swak afronding van dele van figuur	1	0	2
c) beskaduwing van die gesig	6	4	2
d) beskaduwing van die lyf en/of ledemate	4	5	1
e) beskaduwing van die nek en/of hande	5	2	6
f) growwe asimmetrie van die ledemate	1	0	0
g) helling van figuur 15° of meer	0	0	1
h) klein figuur: 5,02 cm (2 dm) in grootte	4	3	4
i) groot figuur: 22,86 cm (9dm) in grootte	0	0	0
j) deursigtigheid	3	6	4
<u>Groep II : Spesiale kenmerke</u>			
a) klein koppie: $\frac{1}{10}$ van die totale grootte	2	1	3
b) groot kop: net so groot of groter as liggaam	1	0	0
c) leë oë : sirkels sonder pupille, baie aandag	6	7	5
d) skuins kyk van oë	1	0	1
e) skeeloë	0	0	1
f) tande	7	6	4

g) kort arms : korter as middellyf	4	3	2
h) lang arms : kniehoogte of laer	3	3	1
i) arms teenaan die liggaam	2	1	2
j) groot hande : so groot as die gesig	0	0	0
k) hande afgesny, arms sonder hande en vingers	6	5	5
l) hande weggesteek : in sakke of agter rug	3	1	0
m) bene teenmekaar	2	3	0
n) geslagsdele	1	0	0
o) monsteraagtige figuur	2	0	1
p) afsnyding van die figuur by die end van bladsy	4	3	1
q) figuur op grondlyn, gras of end van papier	6	6	3
r) son of maan	0	1	0
s) wolke of reën	0	0	0

Groep III - weglatings

a) oë	3	2	1
b) neus	3	1	0
c) mond	4	5	3
d) liggaam	0	0	0
e) arms of hande	7	5	5
f) bene	1	0	0
g) voete (seuns 9+)	6	8	5
h) nek (seuns 10+)	5	4	4

Groep IV - weglating van gesinslede

a) vader	5	2	1
b) moeder	3	1	2
c) broers of susters	4	3	0
d) self	3	1	2

Indien 'n leerling twee of meer emosionele aanwysings op sy tekening gemaak het, kan dit 'n aanduiding van emosionele probleme wees (Koppitz, 1968, p.42). In hierdie ondersoek het die drie groepe gemiddeld die volgende hoeveelheid emosionele aanwysings op die vaderfiguur gemaak, soos uiteengesit in tabel 8.16.

Tabel 8.16

Gemiddelde emosionele aanwysings per leerling

<u>Groepe</u>	<u>Gemiddeld per leerling</u>	<u>% voorkoms</u>
A	12,6	63
B	11,9	59,5
C	12,2	61

Volgens die "Draw-a-family"-tekening openbaar die leesvertraagde leerlinge dus dat hulle ernstige emosionele probleme besit. Hierdie resultate stem ooreen met dié van die CPQ (vgl. par. 8.7.8.2) en die HABGT (vgl. par. 8.7.8.3).

Bachara, Zaba en Raskin (1975-76, p.220) bevind dat 57% van 'n groep Amerikaanse kinders met leerprobleme (leesprobleme en visualiseringsprobleme was by die groep ingesluit) drie of meer emosionele aanwysings gemaak het.

Die drie groepe leesvertraagde leerlinge openbaar 'n buitengewone hoë persentasie beskadwing van die gesig, lyf, ledemate

nek en hande. Volgens Koppitz (1968, p.57-58) kan beskaduwing beskou word as 'n aanduiding van angs en skuldgevoelens. Al drie groepe is onderhewig aan 'n hoë angsfaktor (vgl. faktor Q4 op die CPQ, par. 8.7.8.2.2. k). Die persentasie voorkoms van beskaduwing by die onderskeie groepe word in die volgende paragraaf aangebied.

Al drie groepe leesvertraagde leerlinge was geneig om in hulle tekeninge van beskaduwing gebruik te maak. By groep A het 75%, by groep B 55% en by groep C 45% van die leerlinge van beskaduwing gebruik gemaak.

Die persentasie voorkoms van al drie groepe gesamentlik wat beskaduwing betref, is 58,3.

Dit was opmerklik dat 20% van groep A, 15% van groep B en 20% van groep C besonder klein figure geteken het. Volgens Lewinsson (1964, p.380-381) is 'n buitengewone klein figuur 'n aanduiding van gevoelens van onwaardigheid, 'n swak ego, bekommernis om suksesvol by die omgewing aan te pas en van depressie.

Deursigtigheid van dele van die liggaam kom by 15% van groep A se gevalle voor, by 30% van groep B en by 20% van groep C. Volgens

Koppitz (1968, p.60-61) kan dit 'n aanduiding wees van impulsiwiteit, kinders wat onryp is, akute angs, vrees en konflikte.

Al drie groepe het uitermate aandag gegee aan die tekening van die oë: 30% van groep A, 35% van groep B en 25% van groep C. Machover (1949, p.146) en Craddick (1963, p.288-291) vind dat hierdie tendens die selfbeeld van die kind uitbeeld.

Die kinders is vermoedelik bewus van hulle swak lees en dit word in hulle tekeninge weerspieël. Die gebruik van die menslike tekeninge (Bachara, Zaba & Raskin, 1975-76, p.220-221) kan nuttig gebruik word by die diagnose van emosionele probleme by kinders met spesifieke visuele en leerprobleme. Die tekening kan ook gebruik word om voorde- ring by behandeling of remediëring vas te stel.

By groep A het 35% van die gevalle tande geteken, 30% van groep B en 20% van groep C. Indien die tekening van tande saam met ander aanduidings van emosionele ver- steurings op die tekening voorkom, kan dit beskou word as 'n aanduiding van aggre- siwiteit (Koppitz, 1968, p.61-62).

By groepe A, B en C het respektiewelik 30%, 25% en 25% van die leesvertraagde kinders die hande afgesny. Die weglating van han-

de impliseer een of baie oorsake wat angs by die kind teweegbring, soos gevoelens van onwaardigheid of van skuld om korrek op te tree of om hoegenaamd op te tree (Koppitz, 1968, p.63-64).

Volgens Koppitz (1968, p.68) en Cohen, Money en Uhlenhuth (1972, p.30-38) is die afsnyding van die voete 'n refleksie van die kind se algemene sin van onsekerheid en hulpeloosheid. By groep A het 30% van die kinders die voete weggelaat, by groep B 40% en by groep C 25%.

Dit was opvallend dat 25% van die leesvertraagde kinders van groep A die vader weggelaat het, wat moontlik hulle ambivalente houding teenoor die vader impliseer. Slegs 10% van groep B en 5% van groep C het die vaderfiguur weggelaat.

Groep A het die volgende persentasie weglatings gemaak:

van die moederfiguur : 15%

van die gesinslede : 20% ; en

van homself 15%.

Hierdie weglatings van groep A was meer prominent as dié van die ander twee groepe (groepe B & C).

By groep A het 25% of meer van die leerlinge 11 aanduidings van emosionele probleme op hulle tekening gemaak, groep B

9 aanduidings en groep C 5. Hiervolgens kan al drie groepe beskou word as kinders met emosionele probleme soos geopenbaar deur die "Draw-a-family"-tekentoets.

Routellings, standaardtellings, kwaliteitskaaltelling en persentielrange (Harris, 1963, p.293 - 312) word in tabel 8.17 aangebied. Die standaardtellings druk 'n kind se relatiewe plek op die toets in verhouding tot sy eie ouderdom en geslag uit in terme van 'n gemiddelde en 'n standaardafwyking van 15 (Harris, 1963, p.293). Die kwaliteitskaaltelling is 'n 12-punt skaaltelling (Harris, 1963, p.309) wat 'n aanduiding gee van die kind se ry-pingsvlak.

Tabel 8.17

Routellings, standaardtellings, kwaliteitskaaltellings en persentielrange (P)

Groepe	Routelling	Std.telling	Kwaliteit	P
A	32	96	5	39
B	33	98	5,5	45
C	34	99	5,5	47
Gem.	33	98	5,5	45

Volgens bogenoemde ontleding fungeer al drie groepe op 'n laer ry-pingsvlak as wat van hulle verwag word weens hulle intelligens-

sievermoë.

8.7.9 Die ontleding volgens die "Bristol Social Adjustment Guides" (BSAG)

8.7.9.1 Inleiding

Die ontleding van die twee gidse, naamlik "The child in the school" en "The child in the family" sal afsonderlik bespreek word (vgl. par. 7,6).

8.7.9.2 "The child in school"- gids

Die ontleding van die vraelys "The child in school" word in drie dele gemaak:

a) Onderreaksie

Die volgende kernsindrome word hieronder geklassifiseer:

- | | |
|-------------------------|----|
| i) "Unforthcomingness" | U |
| ii) Terugtrekking | W |
| iii) Depressie | D |
| iv) Verwante groepering | UR |
- Nie-sindromatiese onderreaksie.

b) Oorreaksie

- | | |
|----------------------------------|----|
| i) Inkonsekwensie | Q |
| ii) Vyandigheid | H |
| iii) Verwante groepe | |
| aa) vriende wanaanpassing | PM |
| bb) nie-sindromatiese oorreaksie | OV |

c) Totaal

- | | |
|-----------------|-------------|
| i) Onderreaksie | = U+W+D+UR |
| ii) Oorreaksie | = Q+H+PM+OV |

Die gemiddelde tellings van die kernsindrome op die onder- en oorreaktiewe gedrag van die drie groepe word in tabel 8.18 aangebied met 'n ontleding van die resultate daarna.

Tabel 8.18 —

Die kernsindrome op die onder- en oorreaktiewe gedrag van die leerlinge

Onderreaksie

Sindrome	Groepe			Gemiddeld
	A	B	C	
U	8,45	8,15	8,05	
W	2,15	2,25	1,75	
D	3,75	3,50	3,63	
UR	3,63	3,78	3,48	
Totaal	17,98	17,68	16,91	17,52

Oorreaksie

Q	12,05	11,75	11,35	
H	8,75	9,05	8,45	
PM	4,35	4,75	4,25	
OV	4,63	4,12	3,75	
Totaal	29,78	29,67	27,8	29,08

Die drie groepe het by die kernsindroom "Unforthcomingness" (U) 'n buitengewone hoë telling behaal.

"Essentially this handicap of temperament appears to be a deficiency of effectiveness-motivation (or self asser-

tion) resulting in a failure to master apprehensiveness about facing new situations or tasks." (Stott, 1976, p.11)

Kinders wat op hierdie wyse geaffekteer is, trek hulle van sulke situasies terug. Hulle toon min inisiatief en dit is vir hulle moeilik om te reageer. Sulke kinders is bevrees vir nuwe take en vreemde situasies en is skugter by mense terwyl hulle 'n volgehoue behoefte aan liefde het. Om verligting te kry van angs oor die leersituasie, kan hierdie kinders voorgee dat hulle dom is. In bekende omgewings, soos by hulle huise, kan hulle normaal optree (Stott, 1976, p.11; Diagnostic Form; Lunzer, 1960, p.1-10).

Die leerlinge van die drie groepe toon 'n middelmatige tendens van terugtrekking en depressie.

Al die groepe het 'n buitengewone hoë telling op die kernsindroom Inkonsekvensie (Q) op die oorreaksieskaal behaal. Hierdie vorm van temperamentele hindernis verhoed dat die kinders die eerste responsimpulse onderdruk voordat die gevolge deurdink kan word. Hierdie reaksies is van 'n primitiewe fisiese soort soos aggressie vir frustrasie of dominerend. Sodanige kinders is geneig om op 'n wyse op

te tree wat vir ander mense onaanvaarbaar is en hy vergeet die swak resultate van vorige optredes (Stott, 1976, p.20).

In die leersituasie maak hy gebruik van probeer-en-tref-metodes of raaiery en aangesien hierdie metodes onvoldoende is, voel hy ontmoedig en moontlik antagonisities. Die gevolg is dat hy sulke take probeer vermy deur aktiwiteite soos katekwaad, om ander kinders te pla, narstreke, verskonings soek om sy sitplek of die klas-kamer te verlaat, afileibare aandag en rusteloosheid. Stewart (In Stott, 1976, p.20) vind dat hierdie oorreaksie leesprobleme kan veroorsaak.

Die drie groepe behaal uitsonderlike hoë tellings op die sindroom Vyandigheid (H). Hierdie kinders het vertroue in volwassenes verloor gewoonlik as gevolg van uitdrukking van verwerping of werklike verwerping binne die huis (vgl. par. 8.7.10.2). Sulke kinders probeer om 'n breuk in die huislike kring te veroorsaak om hulle onveiligheid te verlig. Die vyandigheid kan in twee vorms geopenbaar word: "...provocative acts calculated to make himself an outcast, and a sullen avoidance of offers of friendship ." (Diagnostic Form)

Die groepe openbaar anti-sosiale en vyan-

dige houdings teenoor ander kinders (hoë PM resultate, vgl. tabel 8.19) as gevolg van hulle onbedagsame, dominerende en bemoeisieke gedrag (Stott, 1976, p.11).

Hoë tellings is ook behaal op die nie-sindromatiese oorreaksie (OV) wat nou verwant is aan inkonsekwensie en vyandigheid en "...describe means of defence, compensation, or pseudo-adjustment which the young person adopts within the framework of his particular culture." (Stott, 1976, p.12).

Angs word meestal geassosieer met oorreaksie. Volgens Stott (1976, p.14-15) het ang by sy normale en aanvaarbare vlak

"...biological value in forcing the organism, by its unpleasantness and near-intolerability, to deal in some way or other with the disadvantages or dangerous situation which is its cause. In other words, it serves as a goad to action."

Die onlogiese kind wat vind dat sy raaiwerk nie effektief is nie, mag aggressief reageer teenoor die leersituasie (Ferguson, Fifield & Slater, 1976, p.6).

8.7.9.3 "The child in the family"-gids

'n Wyse van bepunting van die kind se ernstigheid van gesinsonsekerheid word uitgedruk in twee komponente wat gesamentlik of apart gebruik kan word. Vir

die doel van hierdie ondersoek is die meting van die komponente apart gebruik. Die twee komponente waaruit die skaal bestaan, is soos volg:

Komponent A

Hierdie komponent bepaal die hoeveelheid en ernstigheid van die ongunstige faktore in die kind se situasie, met ander woorde watter invloed dit op die kind uitoefen.

Komponent B

Komponent B meet die kind se reaksies binne die huis, met ander woorde die mate waarin die kind wys dat hy self deur die gesinsomstandighede geaffekteer word. In hierdie meetmiddel is daar 'n addisionele veranderlike van die drempel van die kind se spanningweerstandsvermoë.

Die interpretasie van die "Child in the family" word soos volg gedoen (Stott, 1976, p.50-55) :

1. Komponent A - Nadelige elemente in die gesinsituasie

- a) Die moeder se houding teenoor die kind
- X Angstig, oorbegaan
 - DI Prikkelbaar, depressiewe nie-verdraagsaamheid
 - HX Vyandigheid, angstigheid
 - L Verlies van moederlike gevoel.

b) Die vader se houding teenoor die kind

- X Angstig, oorbegaan
- HX Prikkelbaar, angstige konflik
- L Verlies van vaderlike gevoel

2. Komponent B - Die kind se reaksie teenoor die gesinsituasie

a) Die kind se houding teenoor die moeder

- X Angstig, oorbegaan
- HX Vyandigheid - angskonflik
- i) matige of periodieke angs en haatdraendheid
- ii) hoë angs met verwerpingsgedrag van 'n emosionele aard
- iii) buitengewone vyandige verwerping wat met vervreemding oorvleuel
- E Vervreemding
- i) gebrek aan besorgdheid
- ii) drang om liefde te betoon
- iii) sterk drang om liefde te betoon

b) Die kind se houding teenoor die vader

- X Angs vir die vader se liefde of toegeneënthed
- HX Prikkelbaar - angskonflik
- E Vervreemding

c) Die kind se algemene gesinsonveiligheid

- UP Die kind se algemene gesinsonveiligheid
- a) Soeke na ouerlike plaasvervanger
- b) Angs vir goedkeuring - aanvaarding deur ander kinders

- c) Vermyding
- d) Veelsortige simptome van gesins-
onsekerheid.

Spanningsimptome

SN Senuweeagtigheid en "Unforthcomingness"

SD Depressie

SR Vlug van die situasie af ("Verwydering-
simptome")

Somatiese toestande

Die resultate van die "Child in the family" word na aanleiding van bogenoemde uiteensetting in tabel 8.19 aangebied waar die gemiddelde tellings van elke groep gegee word. Duidelikheidshalwe word die maksimumpunte wat behaal kan word by elke simptome aangetoon. Die persentasievoor-
koms word ook gegee.

Tabel 8.19Gemiddeldes en persentasievoorkoms van simptome op die "Child in the family"-vraelysKomponent A : Nadelige elemente in die gesinsituasieDie moeder se houding teenoor die kind

Simptome	Groepe		A		B		C	
	Maks.punte	Punte	Punte	%	Punte	%	Punte	%
X	9	4	44,44		5	55,56	4	44,44
DI	17	14	82,35		12	70,59	13	76,47
HX	23	18	78,26		16	69,57	17	73,91
L	13	9	69,23		8	61,54	10	76,92
Totaal	62	45	72,58		41	66,13	44	70,97

Die vader se houding teenoor die kind

X	5	3	60	3	60	2	40
HX	39	28	71,79	29	74,36	25	64,1
L	10	6	60	5	50	6	60
Totaal	54	37	68,52	37	68,52	33	61,11

Komponent B : Die kind se reaksie teenoor die gesinsituasieDie kind se houding teenoor die moeder

Groepe	A		B		C		
	Maks. Punte	Punte	%	Punte	%	Punte	%
X	11	8	72,73	8,05	73,18	7,13	64,82
HX a)	5	1	20,00	1,05	21,00	2,05	41,0
b)	38	31	81,58	29,35	77,24	29,69	78,13
c)	18	10	55,56	9,0	50,00	10,50	58,33
E a)	5	2,33	46,6	2,23	44,6	2,91	58,2
b)	11	9,12	82,91	8,95	81,36	8,05	73,18
c)	26	13,59	52,27	12,93	49,73	14,11	54,27
Totaal	114	75,04	65,82	71,56	62,77	74,44	65,3

Die kind se houding teenoor die vader

X	7	3,74	53,43	3,11	44,43	2,91	41,57
HX	10	8,87	88,7	8,0	80,0	8,89	88,90
E	16	11,91	74,44	10,23	63,94	11,65	72,81
Totaal	33	24,52	74,3	21,34	64,67	23,45	71,06

Die kind se algemene gesinsonveiligheid

UP a)	10	4,69	46,9	5,23	52,3	4,16	41,6
b)	16	12,38	77,38	13,06	81,63	11,32	70,75
c)	9	7,9	87,78	6,34	70,44	6,69	74,33
d)	15	11,74	78,27	12,12	80,8	10,36	69,07
Totaal	50	36,71	73,42	36,75	73,5	32,53	65,06

Spanningsimptome

SN	-						
SD	22	17,96	81,64	16,74	76,09	15,91	72,32
SR	11	8,63	78,45	8,1	73,64	7,49	68,09
Somaties	-						

Volgens die ontleding van hierdie vraelys blyk dit dat die moeders van die leesvertraagde kinders geneig is om die kinders tydelik te verwerp wanneer hulle depressief of uitgeput is (vgl. hoë DI-telling). Hierdie neiging van die moeders oorvleuel met die resultate van HX waar die moeders die kinders op 'n emosionele wyse verwerp as gevolg van angs of teleurstelling oor 'n swak verhouding. Die verwerping mag wees omdat die moeders die kinders nooit werklik aanvaar het nie, of indien dié aanvanklike houding goed was, het hulle houdings verander as gevolg van die oordrag van hulle liefde na 'n jonger kind, voorkeur vir 'n kind van die teenoorgestelde geslag, geprojekteerde bitterheid teenoor hulle eggenotes vanweë 'n verskeidenheid van redes en 'n buitengewone amperpsigotiese depressiewe geïrriteerdheid (Stott, 1976, p.50).

Die vaders het 'n matige gevoel dat hulle hul kinders se liefde kan verloor as gevolg van vervreemding met hulle vrouens of vanweë hulle onsekerheid in persoonlike

verhoudings. Die vaders verwerp die kinders op 'n emosionele wyse (vgl. hoë HX telling) wat angstigheid of teleurstelling oor die verhouding suggereer. Die vaders kan die kinders selfs as die swartskape in die huis sien. Hierdie houding van die vaders kan veroorsaak wees vanweë hulle angstig-vyandige persoonlikheid. Die vaders toon ook 'n mate van geïrriteerde-depressiewe verwerping as gevolg van hulle eie probleme, ondervind tydperke van buie wanneer hulle min praat, hulle kan nie die geraas van die kinders verdra nie en hulle dreig moontlik om die huis te verlaat. Die vaders toon min kapasiteit van liefde vir die kinders en is vermoedelik nog onvolwasse en soek 'n moeder (Stott, 1976, p.51).

Oor die algemeen vrees die kinders die verlies of verwydering van die moeders (vgl. hoë X by komponent B). Die kinders is in 'n stadium van mismoedigheid en vyandigheid as gevolg van 'n gevoel dat hulle ongebeerd is en bevrees is dat hulle deur die moeder verlaat kan word. Ongeveer die helfte van die kinders het slegs 'n vyandige gevoel teenoor hulle moeders (vgl. HX c by komponent B). Die kinders het geen innige verhouding met die moeders nie en het min lojaliteit teenoor die moeders (vgl. hoë Ec by komponent

B) (Stott, 1976, p.51)

Die kinders het 'n sterk mate van vyandigheid teenoor hulle vaders (vgl. hoë HX telling by komponent B), wat eintlik verteenwoordigend is van hulle gevoel vir beide ouers. Die kinders voel verwyderd van die vaders en glo dat die vaders hulle van die gesin sal verwyder (vgl. hoë E telling by komponent B).

Byna die helfte van die leesvertraagde kinders (vgl. UP a) soek na ouer-substitute wat geassosieer kan word met onderlinge vyandig-angstige houdings tussen ouers en kinders. Die kinders voel onseker (vgl. hoë UP b telling) oor waar hulle met hulle eie ouers staan en soek tussen hulle eie maats 'n plek waar hulle aanvaar sal word. Die kinders voel verwyderd van hulle ouers (vgl. hoë telling op UPc) as gevolg van onveiligheid of angs van 'n langdurige aard wat geopenbaar word in algemene rusteloosheid en 'n onvermoë om te konsentreer. Dit is 'n gewoonte wat uit 'n gevoel van onsekerheid sedert sy vroegste jare spruit (vgl. +D in par. 8.7.8.2.2. e).

Die depressiewe simptome (vgl. SD by spanningsimptome) is 'n aanduiding dat die kinders emosioneel uitgebrand is deur langdurige ongunstige gesinsituasies.

Die leesvertraagde kinders het die volgende somatiesse simptome getoon:

Tabel 8.20

<u>Somatiese simptome</u>	A	B	C
Simptoom	%	%	%
Enurese	10	5	10
Hoofpyne, chroniese pyn	25	20	20
Ontsteking van longe, lugpyp, oor, neus	30	35	30
Swak koördinasie	20	25	25
Swak spraak	30	20	25

Bogenoemde simptome kan vererger word deur emosionele spanning.

Volgens die ontleding van die "Child in the family"-vraelys blyk dit dat daar ernstige wanverhoudings in die leesvertraagde leerlinge se gesinsomstandighede heers.

8.7.10 Skooleksamens

Volgens 'n ontleding van die leesvertraagde leerlinge se skoolverslae is dit duidelik dat hulle vanaf die aanvangsonderwys probleme met hulle hooftaal ondervind het. Die resultate van Engels as hooftaal, soos verkry uit die Kumulatiewe Verslagkaarte word in tabel 8.21 aangetoon.

Skooleksamens Engels hooftaal, tweede taal, wiskunde, inhoudsvakke

Gemiddeldes per groep

Groepe	A					B					C				
	Vak	St.	i	ii	1 2 3	i	ii	1 2 3	i	ii	1 2 3				
<u>Engels</u>															
Lees	S S	59				S S	56,1				S S	60,3			
Skryf	S S	54,6				S S	57,6				S S	59,1			
Spelling	S S	56,7				S S	57,3				S S	58,2			
Begrip	G G	70,2				G G	70,3				G G	69,6			
Mondeling	BG BG	71,3				BG BG	73,1				BG BG	72,4			
Totaal Engels		62,4	51,6	43,2			62,9	52	44,7			63,9	53,7	45,1	
Tweede taal			55,1	49,5				54,1	50,4				55,8	51,3	
Wiskunde		66,3	51,6	47,6			68,1	53,6	49,1			66,2	54,9	50,6	
Inhoudsvakke		70,3	68,8	61,3			71,7	69,4	60,1			72,3	71,2	69	

Sleutel : S is swak
 G is goed
 BG is baie goed

Gedurende klas i en ii het al drie groepe leesvertraagde leerlinge swak gevaar met lees, skryf en spelling in hulle hooftaal. Mondelinge werk in dié vak was egter baie goed.

Vanaf st. 1 het al drie groepe 'n sterk daling in Engels getoon. Dit is egter opmerklik dat die tweede taal, Afrikaans, oor die algemeen effens beter was as Engels.

Wiskunde het by al drie groepe 'n geleidelike agteruitgang getoon.

Die inhoudsvakke was deurgaans redelik goed.

Die algemene indruk was dat daar tot op st. 3-vlak 'n algemene agteruitgang in elke groep leesvertraagde kinders se algemene vordering was.

8.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die metode van verwysing van die leerlinge, die keuse van die skole, standerds en taalgroep bespreek.

Die wyse waarop die leestoets, intelligensietoetse, persoonlikheidstoetse en projektiewe tegnieke en vraelyste toegepas is, is bespreek. Die resultate van die skool-eksamens is vanuit die Kumulatiewe Verslagkaarte verkry.

Die resultate van die onderskeie toetse en die vraelys is op sodanige wyse aangebied dat hierdie evaluering vergelyk kan word met die tweede en derde evaluering.

In die volgende hoofstuk sal 'n uiteensetting gegee word van die ortopedagogies-ortodidaktiese hulpverlening.